CHRISTIAN GEMEENSKAP COMMUNITY PENSIOENFONDS PENSION FUND

PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR : 1/2012

30 November 2011

AAN : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS

PENSIOENFONDSBYDRAES VANAF 1 MAART 2012

Hierby ingesluit die tabelle vir die voordele, bydraes en premies vanaf 1 Maart 2012.

Baie lede is by die 100% bydraevlak ingeskakel. Alle predikante, met enkele uitsonderings, wat onder Noordelike Sinode ressorteer is egter by die 125% bydraevlak ingeskakel. Ander sinodale streke laat die besluit van hoër bydraevlakke aan die onderskeie werkgewers oor. Vir die korrekte bydraevlak in u geval, raadpleeg asseblief u werkgewer.

Addisionele pensioenvoorsiening kan gemaak word deur by 'n hoër bydraevlak in te skakel. Indien u van plan is om dit te doen, moet u asseblief die pensioenkantoor skriftelik van u voorneme en gekose vlak van bydrae verwittig. Geen terugwerkende bydraevlakverhogings word toegelaat nie.

Pensioenvoordele word bereken volgens die maksimum traktementskaal (dit is, pensioengewende besoldiging wat die diensbonus insluit) wat geld vir die betrokke finansiële jaar en ongeag wat die leraar se werklike besoldiging is. Die **maksimum traktementskaal** vanaf 1 Maart 2012 tot 28 Februarie 2013 is **R 261 170** (Vir die vorige finansiële jaar was die maksimum traktement wat gegeld het, R 244 400).

Bydraes vanaf 1 Maart 2012 vir Werknemers:

Met ingang van 1 Maart 2009 was leraars se bydraes tot die Pensioenfonds (werknemer bydraes) dieselfde vir alle leraars ongeag ouderdom (soos gekommunikeer in Omsendskrywe 2/2008). Die inligting word in Tabel A uiteengesit.

Bydraes vanaf 1 Maart 2012 vir Werkgewers :

Die inligting word ook in Tabel A uiteengesit.

Groepversekeringskemas

Slegs die groepskema se dekkingsbedrag en premie wysig soos volg met ingang van 1 Maart 2012:-

Groeplewensversekering	:	R 1 040 000 dekking (was R978 000)	:R 557,44 premie per maand
Gadeversekering	:	R 261 170 dekking (was R240 000)	:R 43,88 premie per maand
Versorging van afhanklikes van leraars (VAL)	:	R 261 170 dekking (was R240 000)	:R 70,51 premie per maand
			R671,83 premie per maand

Reg nr 12/8/3699/2 Pretoriusstraat 1200/1200 Pretoriusstreet. Hatfield 0083,
Posbus/PO Box 13528 Hatfield 0028,
E-pos/E-mail : theo@pensioene.co.za, ilana@pensioene.co.za,
Tel (012) 342 0415 Faks/Fax (012) 342 4229
Hoofbeampte /Principal Officer: TP Smith

.../2

Premies is soos volg betaalbaar:

Lid	: Groeplewens	R 278,72 per maand
	: Gade	R 43,88 per maand
		R 322,60 per maand
Werkgewer	: Groeplewens	R 278,72 per maand
	: VAL	R 70,51 per maand
		R 349.23 per maand

Die groeplewensversekering sluit ook 'n enkelbedrag ongeskiktheidsdekking van R 780 000 in. Indien die ongeskiktheidsdekking uitbetaal, bly 'n verpligte balans sterftedekking oor van R 260 000 tot ouderdom 60 jaar, waarna dit verval. Die premie wat tot en met ouderdom 60 verhaal word, word na ouderdom 60 aangewend tot voordeel van u lidkrediet in die Fonds.

Let wel dat die bedrag betaalbaar uit die VAL versekering, in die geval van die afsterwe van 'n leraar, aan die werkgewer betaalbaar is maar ten behoewe van die agtergeblewe afhanklikes.

LET ASSEBLIEF DAAROP dat al die maandelikse bydraes en/of premies agteruit betaalbaar is, dit wil sê die verhoogde bydraes en/of premies is die einde van Maart 2012 betaalbaar ten opsigte van die Maart bydraes en/of premies. Die debietorders, waar van toepassing, sal outomaties aangepas word en sal vorder op die 28ste van elke maand of die eerste werksdag daarna, indien die 28ste op 'n naweek of vakansiedag val. Dit is ook baie belangrik om daarop te let dat die bydraes laastens teen die 7de van die maand wat volg op die maand waarvoor die premies betaalbaar is, inbetaal moet wees. Die Pensioenfondswet vereis dit. Indien dit na die datum inbetaal word, sal daar rente op die laat betaling van die bydraes gehef word teen 'n rentekoers soos bepaal deur die Wet.

Die gewysigde bydraes en premies soos uiteengesit in Tabel A is van toepassing op beide die vaste bydrae- sowel as die vaste voordeelstruktuur. Tabel B wat die sterftevoordele voor aftrede aantoon asook die ongeskiktheidsvoordele, is ook van toepassing op albei voordeelstrukture.

Korrektheid van Data

Die trustees versoek dat leraars van tyd tot tyd seker maak dat hul persoonlike besonderhede – soos dit op die web en voordeelstate verskyn – korrek is. Terwyl alles moontlik gedoen word om korrektheid van data te verseker, is dit ook die lid se verantwoordelikheid om seker te maak dat sy eie besonderhede korrek gereflekteer word.

Vriendelike groete

TP SMITH
HOOFBEAMPTE

VOORDELE VIR LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS KRAGTENS DIE TRAKTEMENTSKAAL OP 01-03-2012

MAKSIMUM TRAKTEMENT PLUS DIENSBONUS : R 261 170

TABEL A

	Maandelike bydraes								
	100%	**25%**	**50%**	**75%**	**115%**	**125%**	**140%**	**150%**	**200%**
Werknemer Bydrae	(7,5%) R 1 632	(1,875%) R 408	(3,75%) R 816	(5,625%) R 1 224	(8,625%) R 1 877	(9,375%) R 2 040	(10,5%) R 2 285	(11,25%) R 2 448	(15%) R 3 265
Werkgewer Bydrae	(16,8%) R 3 660	(10,6%) R 2 310	(12,7%) R 2 765	(14,8%) R 3 225	(18,1%) R 3 940	(18,9%) R 4 115	(20,2%) R 4 400	(21,0%) R 4 570	(25,20%) R 5 485

TABEL B

STERFTEVOORDELE TEN OPSIGTE VAN DOOD VOOR AFTREDE

Versekerde voordeel betaalbaar uit Fonds	**Ouderdom volgende verjaarsdag**	**Veelvoud van maksimum traktement**	**Traktement R 244 400**
	18-40	9,2	R 2 402 764
	41-50	8,5	R 2 219 945
	51-55	7,4	R 1 932 658
	56-60	5,5	R 1 436 435
	61-65	4.95	R 1 292 792
Fondsvoordeel	Lid se opgeloopte fondswaarde op datum van dood		
Groeplewensversekering	R 1 040 000		
Gadeversekering	R 261 170		

Inrigting	**Maksimum bedrag**	**Maksimum periode**
Voorskool	R 24 000 per jaar	1 Jaar
Laerskool	R 48 000 per jaar	7 Jaar
Hoërskool	R 54 000per jaar	5 Jaar
Tersiêre inrigting	Plaaslik : R 33 000per jaar Internasionaal : $ 40 000per jaar	Durasie van eerste graad

Ongeskiktheidsvoordele	
Jaarlikse inkomste uit Voorsieningsfonds	R 174 122.03
Enkelbedrag uit groepskemas	R 780 000